GLO ONVOORWAARDELIK !!

OMGEEGROEPE 9 – 15 AUGUSTUS

1. LIEF EN LEED – deel met mekaar lief en leed met die oog op voorbidding en bemoediging.
2. RAAK STIL IN GOD SE TEENWOORDIGHEID – ons is so besig en aan die hardloop dat ons doelbewus in God se teenwoordigheid moet stil raak, en Hom aanbid. BID SAAM.
3. LUISTER NA GOD SE WOORD – LEES Genesis 12:1-4, en Genesis 15:5-6, en Genesis 17:4-5. Dit is die verhaal van die roeping van Abram. Wat tref jou persoonlik t.o.v. 12:1-4? Abram was 'n gewone mens soos elkeen van ons toe hy hierdie roeping ontvang. Hy is nog besig om afgode te dien. Hy ken nog nie eers die ware God nie! Hy is niemand besonders nie. Hy woon in die handelsmekka Ur, naby die Eufraatrivier. Hulle aanbid die maangod Nannar, en ander vrugbaarheidsafgode. Hy besef nie eers wie die ware God is wat lewe skep en kinders gee nie. Hy is 75 jaar oud, en hy en Sarai is kinderloos. Hulle woon gemaklik tussen vriende en familie. Nou hoor hy: Trek uit jou land, en weg van jou mense, na 'n onbekende land! Hy het nie eers kinders nie, is 75 met 'n "ou" vrou, en hoor hy sal 'n groot nasie gemaak word!
4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD – hoe sou jy reageer as jy in Abram se posisie was? Dink jy die konteks waarin ons geroep word om die Here te volg is makliker of moeiliker as wat dit vir Abram was? 'n Groot verskil is dat ons nie vandag voor 'n onbekende God staan nie. Watter "afgode" aanbid ons wat ons sal moet agterlaat om God heelhartig te vertrou en te volg? Wat spreek jou aan t.o.v. die woorde is vers 4: "Abram het toe weggetrek."
5. LUISTER NOU WEER NA GOD SE WOORD – LEES WEER die Skrifgedeeltes wat in punt 3 genoem word. Hoe sou jou lewe lyk as jy sou waag om met jou hele lewe te glo en te vertrou soos Abram? Dink jy regtig jy is in God se oë te gewoon, om 'n roeping te ontvang van die Here, wat jou en die wêreld rondom jou omkeer?! Wel, ontmoet Abram! Hy was so gewoon soos jy! Onthou, jy staan nie eers vandag voor 'n onbekende God nie! Bloot op grond van Sy genade roep Hy vir Abram, en vir jou! Is jy bereid om te "trek", soos vers 4 sê: "…gehoorsaam aan die Woord van die Here." En eenvoudig te glo "dat God jou sal wys?" So sluit God dan met Abram 'n verbond in Genesis 15:5-6! LEES DIT. Wat tref jou van die verse? God neem nie sy verbond met mense ligtelik op nie. God se verbond verteenwoordig sy beloftes aan jou! Sy beloftes met jou wat verseker dat sy plan met jou groter is as jou tekortkominge. Kyk wat gebeur verder: God verander Abram se naam! Lees 17:4-5. Elke keer wat iemand hom nou groet word hy herinner aan God se trou, sy roeping, en God se plan met sy lewe!
6. FOKUS OP WAT GOD NOU DOEN – elkeen wat sy ou lewe aflê, vir die nuwe lewe in Christus, kan weet dat God jou lewe vir 'n groot doel gaan gebruik! Jesus self staan borg vir die verbond wat God nou met die sluit wat die ou lewe aflê, en die Heilige Gees is die waarborg in jou hart! LEES 2 Korintiërs 1:21-22! Dit bevestig as't ware die Abraham verhaal in jou eie lewe! Jy ontvang in Christus 'n nuwe identiteit! Jy kry óók 'n nuwe naam: Christen! Kind van GOD! Psalm 139:17 sê God het doelbewus gekies om jou te maak, en te roep! Lees dit! Glo dit!!
7. ANTWOORD MET JOU LEWE – Glo God self! Vertrou Hom met jou hele lewe! Waag dit! Jy is Sy geliefde! Hy hou jou in die holte van Sy hand! Hy het groot vreugde in jou! (Sefanja 3:17)
8. BID NOU SAAM – soos die Here jou en die groep lei t.o.v. die tema, en ander mense en sake in die gemeente vir voorbidding.
9. ADMINISTRASIE - Onthou om seker te maak van jou omgeegroep se diensbeurte.